



eduresourceza.com



NASIONALE SENIORCERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN 2015

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

Afdeling A	Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B	Opsomming (10 punte)
Afdeling C	Poësie (30 punte)
Afdeling D	Kommunikatiewe taal (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
8. Handig asseblief hierdie vraestel in.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1****Lees die onderstaande leesstuk deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:****Die spotprent as kunsvorm**

- 1 Proes, grinnik, skater, giggel. Noem maar op. Daar is soveel woorde vir die humoristiese omdat humor so belangrik in ons samelewing is. Humor vorm die basis van baie van ons verhoudings. Dit help ons om die probleme van ons daaglikse lewe te aanvaar. Humor gee ook vir ons 'n soort van uitlaatklep of manier van ontsnapping.
- 2 *Die Burger*, 'n Kaapse koerant, het in die laaste sowat 100 jaar nog net drie spotprenttekenaars aangestel. Hulle is D C Boonzaaier, T O Honiball en Fred Mouton.
- 3 D C Boonzaaier (1865 – 1950) was eintlik Engelssprekend, maar hy was baie bly om in 1915 vir *De Burger* (eers vanaf 1922 as *Die Burger* bekend) spotprente te teken. Die rede hiervoor was omdat hy die koerant se pogings ondersteun het om Afrikaans as 'n amptelike taal in Suid-Afrika erken te kry.
- 4 T O Honiball (1905 – 1990) het sedert 1941 vir *Die Burger* gewerk nadat hy as kunstenaar in die VSA gewerk het. Om as kunstenaar oorsee te werk, is 'n voorreg wat Boonzaaier nie gehad het nie (hy het homself leer teken).
- 5 Frederick Jacobus Mouton, gebore in 1947, is die derde spotprenttekenaar wat deur *Die Burger* aangestel is – en hy werk nog steeds daar. Dit is waarskynlik 'n wêreldrekord vir 'n hoofstroomkoerant.
- 6 Fred Mouton is, anders as sy voorgangers, 'n gebore Kapenaar: Constantia en Wynberg was sy grootwordplekke en vandag woon hy in Bellville. Sy twee voorgangers is in die Oos-Kaap gebore en het eers veel later in hulle lewens Kaap toe getrek.
- 7 Fred moes van Honiball leer en hulle het aanvanklik 'n kantoor gedeel. Toe Honiball in die sewentigerjare aftree, het Mouton sy skoene volgestaan.
- 8 Spotprentkuns is 'n tipe abstrakte kuns, want realisties is dit nie. Die kunstenaar gaan 'n stap verder om die 'karaktere' met emosie en tipiese eienskappe van die teikenpersoon te 'laai'. Daarom kan die leser gewoonlik met die persone identifiseer. Ekstra kommentaar kan bygevoeg word deur byvoorbeeld Fred Mouton se muis, wat in 1973 verskyn het nadat sy seun Fritz gebore is. Lesers geniet die muis se pittige kommentaar. Hierdie skerp uitlatings toon Fred se taalvaardigheid – hy is dus nie net 'n skitterende tekenaar met 'n goeie humorsin nie.
- 9 Die goeie spotprenttekenaar het die vermoë om in iemand se karakter in te klim om 'n spesifieke aspek/kwessie aan te raak. Dit word so akkuraat gedoen dat almal weet wat bedoel word sonder dat enige iemand se persoonlike karakter totaal daaronder ly. Die spotprent as kunsvorm het dus die reg om die idee van demokrasie, korrupsie en ander politieke situasies te kritiseer.
- 10 Hierdie vorm van spraakvryheid word steeds beskerm deur Fred Mouton, Zapiro en ander spotprenttekenaars.

(485 woorde)

[Verwerk uit: *Die Rembrandt van Suid-Afrikaanse spotprentkunstenaars* – deur Dr Francois Verster, Kaapse Bibliotekaris, Julie/Augustus 2012]

- 1.1 Skryf enige **twee** aparte woorde uit die leesstuk neer wat mense se reaksie aandui wanneer hulle iets **snaaks** vind. Skryf slegs die twee aparte woorde neer. (1)
- 1.2 Noem **drie** redes waarom dit so belangrik vir 'n mens is om 'n sin vir humor te hê. (3)
- 1.3 Wat maak dit ongewoon dat Boonzaaiër daarvoor geveg het om Afrikaans as amptelike taal erken te kry? (1)
- 1.4 Vir watter 'wêreldrekord' staan Fred Mouton waarskynlik bekend? Sê in jou eie woorde. (1)
- 1.5 Hoe is Fred Mouton se grootwordjare anders as dié van Boonzaaiër en Honiball? (1)
- 1.6 Onder watter genre van kuns kan spotprente geklassifiseer word? (1)
- 1.7 Voltooi die sin:

Fred Mouton is nie net goed met teken nie, maar ook goed met . . . (1)
- 1.8 Watter mylpaal in Fred Mouton se lewe het daartoe gelei dat hy 'n muis (wat kommentaar lewer) in sy spotprente begin teken het? (1)

10 punte

VRAAG 2 ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.



Vinnige en gratis versekeringskwotasie

Drie stappe tot goedkoper versekering:

- 1 Verskaf jou besonderhede**
- 2 Ontvang tot nege kwotasies**
- 3 Kies die opsie wat jou pas – *spaar duisende!***

Jou huis, jou voertuig en jou persoonlike besittings speel 'n belangrike rol in jou lewe. As enigiets sou gebeur, moet jy weet dat jy die regte versekering het en dat jy 'n billike uitbetaling sal kry.

Vra ons omtrent ons HUISEIENAARSVERSEKERING. Jy moet seker wees jy kan jou huis weer herbou of vervang as iets dit beskadig.

Vind ook uit van ons HUISHOUDELIKE INHOUDVERSEKERING met volle dekking vir die inhoud binne die huis en beperkte dekking vir inhoud buite die huis.

Epos: info@santam.co.za Skakel: 0860 11 22 33

- 2.1 Wat stel die sambreel in die Santam advertensie voor? (1)
- 2.2 Wat is die **slagspreuk** van hierdie advertensie? (1)
- 2.3 **Haal drie opeenvolgende woorde aan** wat dui op Santam se **belofte** aan die leser. (1)
- 2.4 Noem **drie** verskillende items wat Santam sal verseker. (1)
- 2.5 Watter woord in hierdie advertensie dui aan dat die uitbetaling van 'n eis regverdig sal wees? (1)
- 2.6 Watter **twee produkte** van Santam word in hierdie advertensie bemark? (1)
- 2.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.
- Die **teikenmark** van hierdie advertensie is ...
- A mense wat enige versekering nodig het.
B mense wat goedkoper versekering soek.
C jong mense wat in 'n gehuurde huis woon.
D mense wat in goedkoper huise woon. (1)
- 2.8 Verduidelik waarom die volgende stelling **onwaar** is.
- Santam sal jou ten volle dek indien jou tuinstel en braaiskottel van die stoep af gesteel word. (1)
- 2.9 **Hoe** kan 'n mens Santam kontak indien jy meer oor hulle produkte wil weet? Sê in jou **eie** woorde. (2)

10 punte

VRAAG 3

VISUELE BEGRIP

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vrae wat volg:



[Bron: Fred Mouton, *Die Burger*]

- 3.1 **Hoe** kan 'n mens sien dat die man nie dele van die hoender wil vermors nie? (1)
- 3.2 **Wat** doen die man om sy braaivleis beter te laat smaak? (1)
- 3.3 **Wat** suggereer dat die twee kinders altwee van hierdie tipe kos hou? (1)
- 3.4 **Wat** laat die pa sy seuntjie doen sodat die seuntjie deel voel van die braaiprozes? (1)
- 3.5 **Wat** sou die dogtertjie se reaksie op die braaivleis wees as sy 'n vegetariër was? (1)
- 3.6 **Wat** dui aan dat die hoender nie gelukkig is om gebraai te word nie? (1)
- 3.7 **Vul in: (Skryf net die vraagnommer en antwoord in jou antwoordboek neer)**
- Die seuntjie het 'n 3.7.1 _____ op sy kop en sy ma het 'n 3.7.2 _____ op haar kop om haar gesig teen die son te beskerm. (2)
- 3.8 **Hoe** weet ons dat die vuur (die kole en die vlamme) vir die braai al goed brand? (1)
- 3.9 **Waarom** gaan die ma en dogter se klere meer na braaivleis ruik as die pa en seun se klere? (1)

10 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4**

Lees die instruksies en teks en voer dan die opdrag uit.

- Lees die leesstuk goed deur.
- Som die 5 maniere op **hoe** ouers kan verseker dat hulle kinders nie die Internet om die verkeerde redes gebruik nie.
- Skryf elke keer die manier en ook die rede waarom dit belangrik is, neer.
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne van 70 woorde neer.
- Begin elke sin met 'n **werkwoord**.

Onthou:

- Nommer elke sin van 1 – 5.
- Laat 'n reël tussen elke wenk oop.
- Skryf die woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die leesstuk aanhaal nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (langer as 80 woorde) is.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Ouertoesig by die gebruik van die Internet

As jou kind 'n gereelde gebruiker van 'n sosiale netwerk is, is dit raadsaam dat jy ook inteken op dieselfde netwerk. Jy sal dan in 'n posisie wees om jou kind as 'n kontak op die webwerf by te voeg. As 'n besorgde ouer kan jy dan sien hoeveel tyd jou kind op die netwerk deurbring.

'n Mens weet nooit wie 'n moontlike boelie of kuberteisteraar kan wees nie, dus moet jy jou kind se kontakte, vriende en volgers gereeld nagaan. As jy iemand se profiel sien wat jou ongemaklik maak, bespreek dit openlik met jou kind om sodoende moontlike probleme te voorkom.

Gesels met jou kind oor die gevare wat die misbruik van die Internet inhou en vra vir hom of haar om vir jou te sê as hulle ooit onveilig of ongemaklik oor iets voel. Gesels eerlik en direk met hom of haar.

Nie alle Internet-webwerwe monitor die inhoud of kommentaar wat daarop gelaai word nie. Jou kind moet teen sulke webwerwe beskerm word. Om jou kind se toegang tot sosiale netwerke en die Internet sommer net te blokkeer, is nie 'n goeie idee nie. Dit beteken net dat hy/sy toegang sal kry waar jy, as ouer, hom/haar nie kan begelei of toesig oor hulle hou nie. Dit kan tot verdere skade lei.

Probeer om te voorkom dat jou tienerkind sy of haar rekenaar agter geslote deure, byvoorbeeld alleen in sy of haar slaapkamer, gebruik. Vertrou mekaar sodat jy die vrymoedigheid kan hê om te sien wat jou kind op die Internet doen.

[Bron: Unicef (Google)]

10 punte

AFDELING C GEDIGTE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG****Touloper – Fanie Viljoen**

1 die storms woed weer in ons huis vandag
 2 maar vol durf klim ek op die tou
 3 voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
 4 verby die verwyt-winde van
 5 *het jy alweer*
 6 *ek het mos gesê*
 7 *wat het jy gedoen*
 8 gekwelde oë kyk vir my van doer onder
 9 ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
 10 en my tou web tussen
 11 mure en deurhandvatsels
 12 familiefoto's en almanakke
 13 blitsende tv-beelde en internetkonneksies
 14 tot by die tuinhêk
 15 ek is hoog bo die grond
 16 weg van alles behalwe die wind
 17 maar ek dink nie daaraan nie
 18 ek hou my oog op die tou
 19 ek balanseer my lewe
 20 en voet vir voet skuif ek vorentoe
 21 deur die storm

- 5.1 Wat is die algemene **tema** van hierdie gedig? (1)
- 5.2 **Haal een woord aan** wat aandui dat dit nie die eerste keer is dat hierdie mense argumenteer nie. (1)
- 5.3 Verduidelik kortliks wat 'n 'touloper' is. (1)
- 5.4 Waarna verwys die 'storms' van reël 1? (1)
- 5.5 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat impliseer dat die spreker baie moed bymekaargeskraap het voordat hy/sy op die tou geklim het. (1)
- 5.6 Verduidelik waarna die spreker verwys as hy praat van 'verwyte-winde'. (Reël 4) (1)
- 5.7 Die tou word 'n ontsnaproete vir die spreker. Waarom verwys hy dan juis na hierdie tou as 'n 'web'? (Reël 10) (1)
- 5.8 Die tuinhêk word vir die spreker 'n belangrike fokuspunt.
- 5.8.1 Waarvan is hierdie tuinhêk simbolies? (1)
- 5.8.2 Wat, dink die spreker, wag vir hom anderkant die tuinhêk? (1)
- 5.9 Haal drie opeenvolgende woorde uit die gedig aan wat aandui dat die spreker **baie versigtig** deur die lewe beweeg. (1)

10 punte

VRAAG 6**VOORBEREIDE GEDIG****Tiener-blues – Louise van Niekerk**

- 1 O, die kat knyp in die nag
2 ja, die kat knyp in die nag –
3 van bietjie gevra, kom baie verwag!
*
- 4 Die soet gedeelde ure
5 o, die soet gedeelde ure.
6 Hokaai nou kind, hoor hoe skinder die bure!
*
- 7 Die hart is gebreek
8 ja, die hart is gebreek.
9 Te laat kom jy agter
10 daai angel kan steek.
*
- 11 Die gezoem van die bye
12 die gezoem van die bye.
13 Te veel en te vroeg ...
14 en vrot is die vye!
*
- 15 Die visse in die see
16 al die visse in die see!
17 Vir watter vis, vra ek jou mooi,
18 moet ek my liefde gee?
*
- 19 Die nerd en die tang
20 ja, die nerd en die tang –
21 een gee my papelallekoors
22 die ander maak my bang!
*
- 23 Die kop en die lyf
24 o, die kop en die lyf –
25 die een is te macho
26 die ander te verwyfd.
*
- 27 Oppas, my meisie, hoe jy jou paadjie loop.
28 'n Ou wat melk verniet kan kry
29 sal selde die koei wil koop.
*
- 30 Mans is met die maan gepla
31 met die wind en weer en see.
32 As jy net bietjie sonskyn soek
33 sal hy jou onweer gee!
*
- 34 Jaag daai man, o, jaag daai man,
35 maar oppas as hy stop.
36 Hy sal jou hormoonkoors gee
37 en smokkel met jou kop.
*
- 38 Die ou het my gelos
39 ja, die ou het my gelos.
40 Goedkoop gekry, maar duur gekos.

- 6.1 Wat beteken die idioom 'Die kat in die donker knyp' in reël 1? (1)
- 6.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.
- 'Die gezoem van die bye' (reël 11) is 'n voorbeeld van ...
- A alliterasie.
 - B metafoor.
 - C hiperbool.
 - D onomatopoeë. (1)
- 6.3 'Die visse in die see ...' (reël 15)
Na wie word hier verwys? (1)
- 6.4 6.4.1 Wie sal die meisie geweldig irriteer? (1)
- 6.4.2 Wie sal die meisie **ongemaklik** laat voel as sy met hom moet uitgaan? (1)
- 6.5 Wat beteken die uitdrukking: 'n Ou wat melk verniet kan kry, sal selde ('n) koei wil koop'? (reëls 28 – 29) (1)
- 6.6 Watter uitdrukking in die voorlaaste strofe impliseer **om iemand deurmekaar te maak of dinge laat glo wat nie waar is nie?** (1)
- 6.7 **Wat, behalwe beklemtoning**, is die **funksie** van die **herhaling** van die eerste twee reëls in die meeste strofes? (1)
- 6.8 **Verduidelik** wat die spreker bedoel wanneer hy/sy sê 'Goedkoop gekry, maar duur gekos'. (reël 40) (2)

10 punte

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG**Vakansie by die see – Johann de lange**

1 Die seuns swenk en sweef vir oulaas
 2 swierig met die branderkamme langs,
 3 dieper trek die visserbote
 4 hul nette op en keer huiswaarts
 5 met 'n rillend-silwer sardientjievangs.
 6 Die brons baaiers keer warm en lui
 7 met bruin enkels en seeskoon
 8 blonde voetsole oor die wit sand
 9 na die hotelle terug om voor ete
 10 te gaan stort:
 11 en uit waternette
 12 maak die maan haar los
 13 en hang-
 14 'n deurskyndruppel vuur
 15 bo die kwik-onrustige water.

- 7.1 Noem die drie verskillende dinge waarmee mense hulle by die see besig kan hou. (3)
- 7.2 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. (1)
- 7.3 Haal die woord aan wat aandui dat die seuns 'n **laaste keer** op die branders gery het. (1)
- 7.4 Waarom keer die vissersbote terug na die hawe? (1)
- 7.5 Wat is die kontras waarna daar in reëls 6 – 8 verwys word? (1)
- 7.6 **Kies die korrekte antwoord.** Skryf slegs die vraagnommer en die letter in jou antwoordblad neer.
- 'met bruin enkels en seeskoon
blonde voetsole ...' (reël 7 – 8) is 'n voorbeeld van ...
- A alliterasie.
 B assonansie.
 C enjambement.
 D vergelyking. (1)
- 7.7 Haal 'n voorbeeld van **personifikasie** uit die gedig aan. (1)
- 7.8 **Haal 'n woord aan** wat die beweging van die golwe in die see aandui. (1)

10 punte

AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder. Herskryf dan die sinne soos aangedui.



8.1 Die pa sê vir Boetie: "Jy moet die sambreel styf vashou."

Die pa sê vir Boetie dat . . . (1)

8.2 Boetie hou 'n sonsambreel vas om droog te bly.

'n Sonsambreel . . . (1)

8.3 Het die pa al buite in die reën kos gemaak?

Nee, . . . (1)

8.4 Die tent is met 'n tou aan die boom vasgemaak sodat dit nie kan omwaai nie.

Om te keer dat dit omwaai, . . . (1)

Aangesien die tent met 'n tou aan die boom vasgemaak is, . . . (1)

8.5 Die pa maak 'n vuur buite. Hy berei vir sy gesin middagete voor.

Nadat . . . (1)

8.6 Die gesin bly by Klein Kariba vakansie-oord.

Volgende jaar . . . (1)

8.7 Boetie het 'n sonsambreel vasgehou. Hy hou sy pa droog.

Boetie het 'n sonsambreel vasgehou om . . . (1)

8.8 Hulle motor sit in 'n modderpoel vas wanneer hulle vertrek.

Verlede jaar . . . (1)

8.9 Fred Mouton was die koerant se spotprentkunstenaar.

Op die oomblik . . . (1)

8.10 Slim vakansiegangers kampeer in die somer.

Slim vakansiegangers behoort . . . (1)

8.11 Die pa vra vir almal of hulle al honger is.

Die pa vra vir almal: ". . ." (1)

12 punte

VRAAG 9**WOORDKONSTRUKSIES**

Lees die volgende paragrawe wat ook op die spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord neer.

Die Louw-gesin het besluit om in die herfs in plaas van in die **9.1 (spring – gee die korrekte Afrikaans)** te kampeer. Min het hulle geweet dat hulle **9.2 (lewe + gevaarlike – gee die korrekte vorm van die woord)** en **9.3 (deurdring – gee die deelwoord)** reën sou moes trotseer en dat hulle **9.4 (baie nat – gee die intensiewe vorm)** sou word.

Boetie kon nie **9.5 (glo/belowe – kies die korrekte woord)** dat sy pa **9.6 (t.s.v. – skryf die afkorting uit)** die reënweer elke aand om **9.7 (19:00 – skryf in woorde)** 'n vuur wou maak nie. Hy het **9.8 (vir /met/aan – kies die korrekte voorsetsel)** sy pa hieroor geargumenteer, maar sy pa wou nie luister nie. Hulle het ook elke aand met nat **9.9 (kleure/klere – kies die korrekte woord)** gaan slaap.

Die gesin moes selfs hulle tent aan een van die **9.10 (tak – gee die meervoud)** van 'n boom vasmaak. Die **9.11 (verbaas – gee die deelwoord)** gesin het nie verwag dat hulle in die **9.12 (nat – gee die oortreffende trap)** weer ooit vasgevang sou wees nie. Die ma en dogter **9.13 (wie/wat – kies die korrekte woord)** in hulle klein **9.14 (tent – gee die verkleinwoord)** moes sit, was baie **9.15 (geduldig – gee die antoniem)** en het **9.16 (aanmekaar – gee 'n sinoniem)** gekla dat hulle huis toe wou gaan.

$$(16 \times \frac{1}{2}) = (8)$$

8 punte

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

Jy en jou gesin het in 'n karavaan by Klein Kariba vakansie-oord gebly. Dit het baie gereën en groot vloede en skade veroorsaak. Almal het groot skade gely.

Lees elke keer die situasie en skryf 'n respons van 18 – 20 woorde neer. Jy mag elke keer een of twee sinne skryf.



- 10.1 Terwyl julle by die Klein Kariba vakansie-oord gekampeer het, is julle in verskriklike storms vasgevang. Julle pa se motor het ook weggespoel. Hy is **geskok** oor die skade aan sy motor en weet nie hoe julle by die huis gaan kom nie. Skryf neer wat hy vir jou sê.

(2)



- 10.2 Al die paaie in en om die vakansie-oord is deur reënwater verspoel. Die polisieman keer 'n motor voor en **waarsku** die bestuurder om nie verder te probeer ry nie. Hy verduidelik wat sal gebeur as 'n mens probeer verder ry. **Wat sê die polisieman vir die motorbestuurder?**

(2)



- 10.3 10.3.1 Jou ma is **hartseer** oor die skade aan die karavaan **en** alles wat binne-in was. Skryf neer wat sy sê en noem ook spesifiek **twee dinge** waaroor sy hartseer is, **wat nou vir altyd weg is**. (2)
- 10.3.2 Jou pa **troos** jou ma en hy herinner haar daaraan dat hierdie tragedie **erger kon** gewees het. **Wat sê hy vir jou ma?** (2)



- 10.4 Die eenaar van hierdie huis verduidelik verlig aan sy vrou **hoekom** hy bly is dat hulle versekering by Santamversekeraars uitgeneem het. Wat sê hy vir haar? (2)

10 punte

Totaal: 100 punte